# SONDAGSKOOL LES: 4. Die koste van sonde

**Doel van les:**

- Kinders sal tydens hierdie les besef dat sonde skeiding bring tussen ons en God. God is regverdig en Hy moet sonde straf. Hy is ook genadig en wil ons nie straf nie.

**Ysbreker: Stenig die sondaar**

Gee vir elke kind 'n stukkie papier wat hulle moet opfrommel in 'n balletjie. Vra dan een van die die kinders om te maak asof hy/sy 'n vreeslike misdaad gepleeg het. Laat die kinders in 'n sirkel rondom daardie persoon staan.

**Sê:** In Jesus se tyd as mense gevang word waar hulle seker misdade pleeg, was die straf soms om gestenig te word deur die mense in die dorp. Dink julle ons moet hierdie krimineel stenig? Die kinders sal waarskynlik ja antwoord. Laat hulle die krimineel "stenig". Hulle mag nie die papiere te hard gooi nie.

**Vrae:**

- Hoe het julle gevoel toe julle die krimineel stenig?
- Was dit lekker?
- Het julle goed gevoel daaroor?

Kry terugvoering.

So paar weke terug het ons gelees van die vrou wat na Jesus gebring is oor sy owerspel gepleeg het. Jesus het gesê dat die een wat sonder sonde is, die eerste klip moet gooi. Ons het geleer dat ons almal sonde doen. Vandag gaan ons bietjie leer oor die koste van sonde.

**Sê:** Vandag gaan gaan ons bietjie lees in Joshua net nadat die Israeliete die geveg van Jerigo gewen het. Jerigo was die eerste stad wat deur die Israeliete verslaan is nadat hulle die beloofde land ingegaan het.

**Groepwerk: Lees Joshua 7:1**

**Vrae:**

- Wie het nie geluister na die instruksies wat die Here gegee het oor Jerigo nie? (Agan)
- Wie is geraak deur sy sonde? (Die hele Israel)

Kry terugvoering.

Later, het Israel teen die stad Ai gaan veg. Hierdie keer was hulle nie suksesvol nie. Hier is 36 van hulle manne doodgemaak en die res was geforseer om terug te vlug na hulle kamp, bang en bewerig. Die Here het toe vir Joshua vertel dat hulle misluk het. Dit was oor Israel nie na Sy bevel geluister het nie en die bangoed geneem het wat hulle nie mag nie. Toe vertel God vir Joshua wat hy moes doen.

**Groepwerk: Lees Joshua 7:14-26 (Agan se straf)**

**Vrae:**

1. Hoe het hulle uitgevind dat Agan die skuldige een was? (Hulle het stam vir stam, geslag vir geslag, huisgesin vir huisgesin en dan man vir man uit daardie gesin. Toe het die Here vir Joshua gewys wie die een was wat gesondig het)
2. Wat vertel dit vir jou oor ons sondes? (Ons kan nie ons sondes vir God wegsteek nie)
3. Wat het met Agan gebeur as gevolg van sy sonde? (Hy is dood)
4. Wat dink julle verdien ons vir ons sondes? (Om vir ewig van God geskei te word)
5. Wat het gebeur nadat die Israel hulself gereinig het van Agan se sonde? (God het hulle nie meer gestraf nie, Hy was nie meer kwaad vir hulle nie)

**Illustrasie: Sonde bederf**

'n Klein bietjie muf kan 'n toebroodjie bederf. Net so bederf selfs 'n klein bietjie sonde 'n mens.

Kry twee snye brood en gooi 'n paar druppeltjies groen voedselkleursel op die brood. Jy moet dit laat lyk asof daar muf op die brood is.

Jy gaan maak asof jy 'n lekker toebroodjie maak met die brood wat muf lyk om te wys hoe 'n klein bietjie muf 'n goeie toebroodjie kan bederf. Vergelyk dit met hoe selfs 'n "klein sonde" 'n mens kan bederf.

**Sê:** Ek is nogals honger. Ek wil net gou vir my 'n toebroodjie maak voor ons verder gaan met die les. (Neem die goeie stuk brood en sit dit op 'n bordjie neer.)

Ok hier is die eerste stukkie brood. Dis mos 'n goeie begin vir 'n lekker toebroodjie. (Haal tweede stukkie brood met voedselkleursel op) Oh gross! Hierdie sny brood het dan muf op. (Wys muf op brood.) Ek gaan dit nie eet nie. Hoeveel van julle sal 'n toebroodjie eet met muf op? Stem julle saam dat selfs 'n klein bietjie muf 'n lekker toebroodjie kan bederf.

Sonde het dieselfde effek op ons en is 'n duur prys om te betaal wat beslis nie die moeite werd is nie.

Sluit af met gebed in groepe.